

## **Projek deur Wellington Lions**

Elke tweede naweek word daar skoongemaak in Wellington. Die Wellington Lions Klub se “Hou Wellington Skoon” projek is daarvoor verantwoordelik dat duisende swart sakke die afgelope paar jaar met rommel gevul en verwyder is.

Hierdie tipe werk is altyd veeleisend en die skoonmakers (deur Korrektiewe Dienste beskikbaar gestel) kry veral in die somermaande baie swaar. Ons wil vra dat besighede of inwoners van Wellington wat bereid is om hulp te verleen in die vorm van toebroodjies en koeldrank, die Wellington Lions asb. sal kontak (besonderhede hieronder). Die gemiddelde span werkers is 15 man sterk – dus is dit nie ‘n groot logistieke oefening om hulle te voed nie – maar u bydrae sal verseker dat hierdie projek onbepaald kan voortgaan.

Indien u bereid is om te help, kontak ons gerus:

E-pos:

[secretary@wellingtonlions.co.za](mailto:secretary@wellingtonlions.co.za)

Website:

<http://www.wellingtonlions.co.za/contact-us/>

Facebook (‘like’ ons gerus)

<https://www.facebook.com/WellingtonLionsClub>

---

## **Verblyf geleentheid vir Studente in Stellenbosch**

Twee slaapkamer woonstel/ townhouse in sekuriteitskompleks agter die Ingenieursgebou te huur. Plek vir 2 motors (afdak en motorhuis). Eienaar wil graag self Desember en Januarie daar bly. (Eienaar is in Pretoria woonagtig) Betaal dus net vir 10 maande en nie vir 12 maande soos meeste huurkontrakte in Stellenbosch wat van 1 Desember tot 30 November strek nie.

Kontak Marita by 073 1822 404

---

## **Tydlike verblyf gesoek vir sendeling wat kursus doen in Welington:**

Is daar ‘n moontlikheid dat jy hierdie navraag in die Wellington nuus kan uitstuur? Oom Hannes snr is een van CLF se getroue vriende en soos jy kan sien benodig sy sendeling seun en sy vrou verblyf in Wellington vir ‘n kursus wat hul bywoon. Dalk is daar ‘n Wellingtonner wat sy/haar hart en huis wil oopmaak om hulle te help?

“Dankie dat ek Vrydag met jou oor ons kinders se verblyf op Wellington kon praat. Hy is ook Hannes, soos ek, en sy vrou se naam is Marilu. Die konferensie van Touching Hearts word op Bergkroon aangebied. Dit is van Vrydag 6 Des tot die oggend van 15 Des.

Die reiskoste is veral baie hoog en daarom sal dit 'n groot hulp wees as iemand vir Hannes en Marilu verblyf kan aanbied. Die kampterrein bied nie verblyf vir egpare nie. Hannes se selnommer is 082 9232627 en sy landlyn is 033 3308164 en dit sal uit die aard van die saak die heel beste wees as iemand direk met Hannes kan skakel. Baie dankie. Hannes Mentz (snr)”

---

[www.wellingtoninfo.co.za](http://www.wellingtoninfo.co.za)